



OONDHANDSKOENE

Patroon deur die Ontwerp-
ateljee, UNISPIN

BENODIGDHEDE

Patons Beehive DK (50-g-
bolle), resbietjies na keuse,
en 'n 5-mm-hekelpen.

Gebruik slegs die aanbevole
breidraad; ander soorte mag
onbevredigende resultate
oplewer.

MATE

Lengte van bopunt tot onder-
ste rand ongeveer 25 cm.

SPANNING

14 ste en 16 rye = 10 x 10 cm
oor kortbeenwerk met 5mm
hekelpen en gare dubbel ge-
bruik.

AFKORTINGS

gs – glipsteek; ks – ketting-
steek; kb – kortbeen; vlg –
volgende; vermeer – ver-
meerder, d.w.s., hekel 2kb in
kb ban vorige ry; vermin –
verminder, d.w.s., steek he-
kelpen in vlg st en trek 'n lus
uit, steek pen in daaropvlg st
'en trek nog 'n lus uit, gare
rondom pen en trek deur al
die lusse op pen; st(e)
steek(steke); oorbl – oorbly-
wende; herh – herhaal; tes –
tesame; grh – gare rondom
hekelpen.

AANWYSINGS

Onthou dat werkdraad deur-
gaans dubbel gebruik word;
ons het blou (B) en wit (W)
gebruik.

Begin met 22ks.

1e ry: 1kb in 2e ks vanaf he-

kelpen 1kb in elke vlg st tot
einde – 21 ste; die draai-ks
word as 1 st gereken.

2e ry: 2ks, slaan 1e st oor,
1kb in elke st tot laaste 2 ste,
vermeer, 1 kb in draai-ks.

3e en 4e ry: 2ks, slaan 1e st
oor, 1kb in elke st tot einde.

5e ry: 2ks, slaan 1e st oor,
vermin, hekel tot einde.

6e ry: 2ks, slaan 1e st oor,
1kb in elke st tot laaste 5 ste,
slaan 5 ste oor, hekel 12ks,
draai.

7e ry: 1kb in 3e ks vanaf
pen, 1kb in elk van vlg 9 oor-
bl ks, 1kb in elke st tot einde
– 27 ste.

8e ry: 2ks, slaan 1e st oor,
1kb in elke st tot laaste 2 ste,
vermeer, 1kb in draai-ks.

9e ry: 2ks, slaan 1e st oor,
vermeer 1 st, hekel tot einde.

10e-12e ry: herh 8e en 9e ry
een keer, dan 8e ry nog-
maals.

13e-16e ry: herh 3e en 4e ry
twee keer.

17e ry: 2ks, slaan 1e st oor,
vermin, hekel tot einde.

18e ry: 2ks, slaan 1e st oor, 1
kb in elke st tot laaste 3 ste,
vermin, 1kb in draai-ks.

19e-21e ry: herh 17e en 18e
ry een keer, dan 17e ry nog-
maals.

22e ry: kb tot einde.

Knip gare af en werk netjies
af.

Hekel 'n tweede deel, maar
met ander kleur.

AFWERKING

Ryg die dele aan mekaar vas,
gebruik blou en heg dit aan
basis van duimgedeelte vas,
werk die 2 dele met kb aan
mekaar vas. Moenie die gare
afknip nie, hekel 8ks, gs aan
laaste kb vas om 'n ring te
vorm.

Knip gare af en werk netjies
af. Moenie pars nie.



GEHEKELDE SPEELGOED- MOTORTJIE

Patroon deur die Ont-
werp-**ateljee, UNISPIN**
Vir gevorderde hekellief-
hebbers

BENODIGDHEDE

Fiesta Pullskein DK (dub-
belbreigare, 100-g-uittrek-
stringe); 2 stringe donkerblou
(A), 1 stringe ligblou (B), res-
bietjies geel (C); Inox-hekel-
penne van 4 mm en 6 mm.
Gebruik slegs die aanbevole
breigare; ander soorte mag
onbevredigende resultate
oplewer.

MATE

Ongeveer 42 cm lank en 27
cm hoog.

AFKORTINGS

ks – kettingsteek; kb – kort-
been; beg – begin; tes – tesame;
oorbl – oorblywende;
R(V)K – regte (verkeerde)
kant van werk.

Let wel: die breigare word
deurgaans dubbel gebruik,
met 'n 6-mm-hekelpen, tensy
anders aangedui.

SYKANTE (2)

Gebruik die 6-mm-hekelpen
en A, maak 31ks.

1e ry: kb in 2e ks vanaf pen,
kb in elke ks tot einde, 1ks,
draai – 30kb.

Draai aan einde van elke ry
met 1ks.

2e ry: kb in elke kb tot einde.

3e-13e ry: soos 2e ry.

Knip gare af en draai die
werk om.

14e ry: heg A aan 11e kb
vas, kb in dieselfde kb, kb in
elke kb tot einde, 1ks, draai
– 20kb.

15e-21e ry: kb in elke kb tot
einde.

Werk af.

ONDERKANT

Gebruik A en maak 31ks.

1e-13e ry: soos vir sykant.

14e-16e ry: soos 2e ry van
sykant – 30kb.

Werk af.